GEOGRAFIE

Liewe Graad 12-leerder

Vakvereistes
Jy het 'n DVO-goedgekeurde handboek, topografiese kaarte en 'n verskeidenheid foto's, insluitend 'n ortofotokaart van dieselfde area, nie-programmeerbare sakrekenaar, gradeboog, kompas, werkboek, potlood, liniaal en uitveërs.Gebruik toepaslike foto's, diagramme, kaarte, satellietbeelde en statistiek terwyl jy vir die eksamen voorberei.

As 'n Geograaf, sal jy die volgende vrae oor elk van die onderstaande afdelings stel:
- Waar is dit?
- Hoe lyk dit?
- Waarom is dit daar?
- Hoe het dit gebeur?
- Watter impak sal dit hê?
- Hoe behoort dit tot voordeel van die mens en die natuurlike omgewing bestuur te word?

Jy behoort bogenoemde vrae by elk van die onderstaande afdelings te kan beantwoord.
Integreer die kaartwerk en geografiese inligtingstelsels (GIS) waar toepaslik met topografiese kaarte en 'n verskeidenheid foto's, insluitend ortofotokaarte van dieselfde gebied. Gebruik sowat 10 minute om die topografiese kaart te lees voordat jy die kaartwerkvraag aanpak deur na die volgende te kyk:
- Reliëf (Bruin)
- Dreinering (Blou)
- Infrastruktuur (Rooi, swart)
- Nedersettings (Grys)
- Ekonomiese aktiwiteite (Boerdery groen, nywerhede swart)

Inhoudskontrolelys
Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat al die Graad 12-inhoud gedek is.

Klimaat en weer
- Middelbreedtesiklone
- Tropiese siklone
- Subtropiese antisiklone (hoogdrukselle)
- Valleiklimate en stedelike klimate
- Sinoptiese weerkaarte

Geomorfologie
- Dreineerstelsels in Suid-Afrika: Konsepte, tipes riviere, dreineerpatrone- en digtheid, stroomordes en laminêre- en turbulente vloei
- Fluviale prosesse: Rivierprofiele, fluviale landforme, riviergradering, verjonging van riviere, stroomroof en geërfde and antesedente strome
- Opvanggebied en die bestuur van riviere

Landelike nedersetting en stedelike nedersetting
- Konsep van nedersetting
- Standplaas en ligging
- Klassifikasie van nedersettings ten opsigte van grootte, kompleksiteit en funksie

Landelike nedersettings
- Faktore wat die volgende beïnvloed: standplaas en ligging
- Klassifikasie volgens patroon en funksie
- Verskillende buitelynvorm van nedersettings: Rond, linieêr, T-vormig en kruisvormig
- Grondgebruik in landelike nedersettings
- Landelike nedersettingskwessies: landelik-stedelike migrasie, ontvolking, landelike ontwikkelingstrategieë en sosialegeregtigheidkwessies

Stedelike nedersettings
- Oorsprong van stedelike nedersettings–verstedeliking
- Faktore wat die volgende beïnvloed: standplaas, ligging en klassifikasie van stedelike nedersettings
- Klassifikasie van stedelike nedersetting volgens funksie
- Stedelike hiërargie – lae/ hoë-orde funksies en dienste
- Stedelike struktuur en –patroon: Interne struktuur, grond-gebruiksones, stedelike profile, faktore wat die morfologiese struktuur van stede beïnvloed, modelle van stedelike struktuur en veranderende stedelike patrone in Suid-Afrika
- Stedelike nedersettingkwessies: Onlangse verstedelikingspatrone in Suid-Afrika, Stedelike kwessies met betrekking tot vinnige verstedeliking
- Groei van informele nedersettings en kwessies

Ekonomie van Suid-Afrika
- Struktuur van die ekonomie
- Landbou as ekonomiese aktiwiteit
- Mynbou as ekonomiese aktiwiteit
- Sekondêre en Tersiêre Sektore
- Strategieë vir nywerheidsontwikkeling
- Die belangrikheid en uitdagings van die informele sektor

Kaartwerk en GIS
- Kaartwerkvaardighede: Rigting en peiling, kaartverwysing, ruitverwysing, deursnit, intersigbaarheid, rigting van riviervloei.
- Berekeninge: Afstand, area(oppervlakte), gradiënt, vertikale oordrywing, magnetiese peiling, magnetiese deklinasie.
- Toepassing van teorie op topografiese en ortofoto-kaarte
- Lugfoto's en ortofotokaarte
- Geografiese Inligtingstelsels (GIS): Konsepte en toepassing

Assessering
Skoolgebaseerde assessering bestaan uit **vier hoofafdelings**:
- Een navorsingsprojek
- Een kaartwerktaak
- Twee kontroletoetse
- 'n Halfjaarlikse en 'n voorbereidende eksamen

Die eksterne eksamen bestaan uit twee vraestelle

VRAESTEL 1 – KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE

Puntetoekenning: 150
Tydtoekenning: 3 uur

Vraag 1: Klimaat en weer (60 Punte)
- Kortvrae (15 punte)
- 3 vrae van 15 punte elk oor klimaat en weer

LW. Een paragraaf-tipe vraag van 8 punte in enige van die drie sub-vrae

Vraag 2: Geomorfologie (60 punte)
- Kortvrae (15 punte)
- 3 vrae van 15 punte elk oor geomorfologie

LW. Een paragraaf-tipe vraag van 8 punte in enige van die drie sub-vrae

Vraag 3: Kaartwerk (30 Punte)
- Kaartvaardighede en berekeninge (10 punte)
- Kaartinterpretasie (12 punte)
- GIS (8 punte)

VRAESTEL 2 – LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

Puntetoekenning: 150
Tydtoekenning: 3 uur

Vraag 1: Landelike- en stedelike nedersettings (60 Punte)
- Kortvrae (15 punte)
- 3 vrae van 15 punte elk oor landelike- en stedelike nedersetting

LW. Een paragraaf-tipe vraag van 8 punte in enige van die drie sub-vrae

Vraag 2: Ekonomiese geografie van Suid-Afrika (60 punte)
- Kortvrae (15 punte)
- 3 vrae van 15 punte elk Ekonomiese geografie van Suid-Afrika

LW. Een paragraaf-tipe vraag van 8 punte in enige van die drie sub-vrae

Vraag 3: Kaartwerk (30 Punte)
- Kaartvaardighede en berekeninge (10 punte)
- Kaartinterpretasie (12 punte)
- GIS (8 punte)

Wenke vir sukses:
- Die vermoë om kaarte en diagramme te interpreteer help jou om die werk te verstaan en onthou.
- Kandidate moet onthou dat hulle nie dieselfde diagramme moet verwag as dié in handboeke nie, alhoewel soortgelyke diagramme in die eindeksamen gevra kan word.